

NASIONALE MUSEUM KRY STAATSPRESIDENTSWONING!

E. du Toit

Die eertydse Staatspresidentswoning in Bloemfontein, Oliewenhuis, is aan die Nasionale Museum oorgedra om as kunsmuseum ingerig te word.

Oliewenhuis is op 'n stuk grond van 18,24 morg geleë. Die woning is in 1935 begin beplan en die waarde van die grond is in daardie stadium op £12 000 vasgestel. In 1940 is daar met die oprigting van die gebou begin wat in 1941 voltooi is. Die oprigtingskoste van die gebou is op £21 231-19-10 bereken. In 1943 is die totale waarde

van die grond op £45 471 bereken. Die argitekte van die gebou was mnre. W. Morrison en B.S. Cleveland.

Die gebou is opgerig met die uitsluitlike doel om te dien as woning van die goewerneys-generaal en latere staatspresidente wanneer hulle Bloemfontein een maal per jaar vir ongeveer 'n maand lank amptelik besoek het. Die gebou is dus slegs vir enkele maande per jaar bewoon en die funksie van die huis het mettertyd afgeneem



Suidelike aansig van Oliewenhuis met 'n gedeelte van die tuin. Dit sal waarskynlik as hoofingang van die beplande kunsmuseum gebruik word.

(Foto: Die Volksblad)



Die preeël wat oortrek is met blouereën verskaf skaduwee aan die stoep aan die westekant van die gebou.

(Foto: Die Volksblad)

en uiteindelik verval omdat van die staatspresident verkies het om in hotele tuis te gaan.

Die naam Oliewenhuis is eers op 11 Desember 1972 amptelik deur die Regering aan die huis toegeken nadat 'n voorstel van *Oranjesig* afgekeur is.

Met die nuwe bedeling op politieke gebied het die Regering besluit om 'n nuwe funksie aan die gebou toe te ken. Op 26 Julie 1985 het die staatspresident, mnr. P.W. Botha, amptelik aangekondig dat die gebou aan die Nasionale Museum toegesê word om die kunsversameling van die Museum te huisves.

Die Nasionale Museum het reeds 'n kernversameling kunswerke deur die jare opgebou deur middel van skenkings en aankope. 'n Gedeelte van die versameling is aanvanklik in die A.C. White-kunsgalery uitgestal saam met 'n aantal werke wat aan die Stadsraad van Bloemfontein behoort. Die res van die versameling is by die Nasionale Museum gestoor. Die bestaande versameling sowel as nuwe kunswerke wat aangekoop of geskenk word, sal nou op 'n permanente basis in Oliewenhuis uitgestal word. Met die sluiting van die A.C. White-kunsgalery sal die werke wat tans aan die Stadsraad behoort, waarskynlik ook aan die Nasionale Museum oorgedra word. Daar word ook beplan om lokale vir reisende of wisseluitstallings in die gebou beskikbaar te stel sodat die publiek aan 'n wyer verskeidenheid werke bekendgestel kan word. Die groot tuine aan die noorde- en suidekant van die gebou kan

funksioneel vir buiteluguitstallings van beeldhouwerke aangewend word.

As deel van die ooreenkoms met betrekking tot Oliewenhuis is sekere meubelstukke wat in Oliewenhuis gebruik is, ook aan die Nasionale Museum geskenk. Die meubels sal in die Kultuurgeskiedenisversameling van die museum opgeneem word. Die moontlikheid bestaan ook om dekoratiewe en toegepaste kuns, soos byvoorbeeld meubels en keramiek, saam met beeldende kuns uit te stal.

Voordat die kunsversameling egter in Oliewenhuis uitgestal word, sal sekere veranderings eers aan die gebou aangebring moet word. Die huis is ontwerp as 'n woning waarvan die vereistes baie verskillend is van dié van 'n kunsmuseum. 'n Voorlopige beplanning vir die noodsaaklike aanpassings is reeds opgestel. Hoewel funksionele veranderings noodsaaklik is, moet dit met oorleg geskied en in simpatie met die bestaande struktuur gedoen word. Dit is wenslik om die buite-aansigte van die gebou so min as moontlik te verander en slegs die interieur van die gebou by sy nuwe funksie aan te pas.

Omdat daar na baie onderhandelings uiteindelik 'n gebou beskikbaar gestel is vir die huisvesting van die Nasionale Museum se kunsversameling, kan die bestaande versameling aktief uitgebrei word volgens 'n behoorlike beplande insamelingsbeleid.



Interieur: binnekant van die voordeur aan die suidekant van die gebou wat waarskynlik as hoofingang van die beplande kunsmuseum gebruik gaan word. Let op die dekoratiewe houtwerk in die bolig. Regs is een van die meubelstukke wat oorspronklik in die huis was en tans museummeiendom is.

(Foto: Die Volksblad)